HOËRSKOOL WATERKLOOF

DANSPRODUKSIE

BESKRYWING

Hoërskool Waterkloof se dansakademie is ‘n eiesoortige instelling met ‘n reputasie wat wyd bekend is. Die hoogtepunt op die danskalender is egter die jaarlikse spogdansvertoning wat in Augustus in Unisa se Kleinteater plaasvind.

Die dansakademie word deur ‘n doelgerigte en passievolle dansspan gelei wat strewe om nie net die leerders voor te berei vir hulle uitvoerende sowel as akademiese danseksamens nie, maar ook om hulle deel van die dansfamilie te maak.
Ons Dansdepartement bestaan uit twee ingerigte danslokale, ‘n klaskamer en ‘n kleedkamer.
‘n Bykomende voordeel van die Waterkloof-dansakademie is dat al die voorgeskrewe ekstrakurrikulêre dansklasse ook by die skool aangebied word. Die leerders kan dus hul danspassie ten volle uitleef. Die dansers is trots deel van die Kloof-familie en tree gereeld by skoolgeleenthede op.

Die gewilde en unieke pom-pom dansgroep (cheerleader squad) motiveer ons sportspanne om nog beter te presteer.

KOMPETISIE DEELNAME

Nie net is Kloof vir die laaste 12 jaar aangewys as die toppresterende dansskool in Gauteng nie, maar is die akademie ook in 2019 as afdelingswenners van die Dans in jou Taal-kompetisie aangewys.

WIE MAG DEELNEEM AAN DIE DANSPRODUKSIE?

Slegs die leerder wat Dans as ‘n vak by die skool neem, mag aan die dansproduksie deelneem. Dans word nie as ‘n buitemuurse aktiwiteit by die skool aangebied nie.

KLOFIES DANS

#grensloos